

# Nuwe Lied Bediening

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!  
**Yeshua is die hart van die Vader!!**

## Parashah 25: Tzav – Gee Opdrag.

יהוה het met Mosheh gepraat en gesê: “Beveel Aharon en sy seuns en sê: ‘Dit is die wet van die brandoffer: die brandoffer moet die hele nag lank tot die oggend toe op sy vuurherd, op die altaar, bly en die altaarvuur moet aan die brand gehou word. Lev. 6:8-9 – PWL<sup>1</sup>

**Torah: Lev. 6:8 tot 8:36**<sup>2</sup>.

**Haftorah: Jer. 7:21 tot 8:3 en Jer. 9:22 en 23.**

**Nuwe Verbond:** Mark 7:31 tot 8:38; Rom. 12:1 tot 2; Heb. 4:14 tot 5:10; 7:1 tot 28; 8:1 tot 6; 9:1 tot 28; 10:1 tot 39; 13:10 tot 14; 2Kor. 6:14 tot 7:1; 1Pet 1:14 tot 16; Ef. 6:10 tot 18.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 25 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182).

*Ah! How foolish we are! How we repeat the folly of our first parent [Adam] every day when we seek to hide sin from conscience, and then think it is hidden from God – Charles Spurgeon*

*When we say that there's only one way of salvation, people say 'You're very narrow minded.' But the truth is always narrow minded. 2 + 2 = 4; it's not 3.9, it's not 4.1 – Zac Poonen.*

*Our knowledge only makes us more responsible, not "in charge". We're all on level ground before Yahusha – Lew White.*

*We go through things in our lives for the purpose of making what He wants known in the earth a reality! How else will others experience His great mercy and forgiveness if we do not first experience it ourselves? When we look at our sufferings and trials this way, then as we come through them, they actually produce in us the higher purpose for which they were intended. Our trial may become someone else's deliverance! That is why we cannot give up our perseverance through our suffering. Our descent (lowering) into the sufferings and trials we go through in our lives is for the ascent (rising) of His higher purposes. – Derek.*

*When a person is not at peace with God, he has no peace. God is the absolute subject of reality, so to be at war with God is to be at war with reality. – FFOZ, 2015.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

<sup>2</sup> In sommige vertalings, soos in die Afrikaanse Vertaling van 1953, begin die Torahskriflesing by Lev. 6:1

*If God be our God, He will give us peace in trouble. When there is a storm without, He will make peace within. The world can create trouble in peace, but God can create peace in trouble. – Thomas Watson.*

## Torahbespreking

### Hersiening

Verlede week se Torahskriflesing (*Vayikra*) het begin met die woorde: *Spreek met die kinders van Yisra'el en sê vir hulle...* (Lev. 1:2). Die fokus was dus op die volk en elke individu se betrokkenheid by die offerandes, maar met die hulp van die priesters. Hierdie week egter, begin ons Torahskriflesing met die woorde: *Gee bevel aan Aharon en sy seuns en sê...* (Lev. 6:8). Die fokus het nou verskuif na die priesterorde en hulle rol in hulpverlening met die offerandes wat deur die volk gebring word. Daarom sien ons 'n mate van herhaling ten opsigte van die onderrig en instruksies van die offerandes in hierdie week se Torahskriflesing.

Maar ons moet onthou dat die priesters is aangestel as die middelaar tussen יהוה en die volk en tussen die volk en יהוה. Hulle was in die diens van יהוה, maar ook in die diens van Yisra'el. Hulle is die verantwoordelikheid en taak gegee om te sorg dat die volk voortdurend nader aan יהוה beweeg deur die versoening van die offerandes! Elke priester het direk onder die gesag van יהוה gestaan, terwyl Aharon as die hoofpriester God verteenwoordig het.

Daarom handel Levitikus hoofsaaklik oor die verpligtinge van die priesterorde ten opsigte van veral die hantering van die offerandes, asook die onderrig en instruksies vir 'n afgesonderde en ordelike samelewing waar die volk eendragtig (as eensgesind) voortdurend in יהוה se Teenwoordigheid kan lewe om Sy seëninge te ontvang.

Hierdie is יהוה se bloudruk (templaat, gietvorm) van die gesagstruktuur vir Sy volk, naamlik: 'n Hoofpriester, 'n priesterorde en 'n volk wat eendragtig (eensgesind) in יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid lewe. Hierdie bloudruk is later aangepas (uitgebrei) toe Yisra'el ook 'n koning gekry het. Hierdie koning sou deur יהוה self aangestel word.

14 Wanneer jy in die land, wat יהוה, jou God, jou gee, kom, dit besit, daarin woon en dan sê: 'Ek wil 'n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is,'

15 dan moet jy 'n koning wat יהוה, jou God, sal kies, oor jou aanstel; een vanuit jou broers moet jy as koning oor jou aanstel; jy mag geen buitelanders, wat nie jou broer is, oor jou aanstel nie. Deut. 17:14-15.

In יהוה se huidige hemelse Koninkryk is Yeshua, dié Gesalfde Een, die Koning en die Malki-Tzedek Hoofpriester en elkeen wat deur Yeshua met God versoen is, dien as priesters in die Koninkryk (1Pet. 2:9). Yoganan verduidelik dit soos volg in Open. 1:5-6: "Yeshua, dié Gesalfde Een, die betroubare Getuie, die Eersgeborene uit die dood en die Heerser oor die konings van die aarde; Hy wat ons lief het, ons van ons sondes losgemaak het deur Sy bloed en ons 'n koninkryk van priesters gemaak het vir God."

Maar onder die priesterskap van Malki-Tzedek vervul ons in vele opsigte dieselfde rol as die van die Levitiese priesterskap, naamlik as "middelaar" tussen יהוה-God en die mens. As priesters het ons die opdrag van ons Hoofpriester Yeshua ontvang om die goeie boodskap (die evangelie) aan die hele wêreld te verkondig, naamlik om die mens met God te versoen deur die onverdiente guns in Yeshua wat die Vredesoffer verteenwoordig (Lev. 3:1-17; Lev. 7:11-34). Aan ons is ook die taak gegee om elkeen wat met God versoen te onderrig in Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is (Matt. 28:20).

## Bepeins of Bespreek

1. Die doel van die offerandes was tweeledig, naamlik:

- Om nader aan God te beweeg. Die oortreding van Torah (die wet) is sonde (1Joh. 3:4) en is 'n 'besoedeling' wat 'n toestand van onreinheid veroorsaak en dus verwydering tussen יהוה en die oortreder van Torah tot gevolg het. Die doel van die offer (Hebreeus: *korban*) is om die sondaar te reinig sodat hy weer in יהוה se Teenwoordigheid kan staan in 'n verhouding wat herstel is. Dit is gelykstaande aan die belydenis van sonde onder die nuwe verbond. Die vraag is of belydenis van sonde altyd met dieselfde erns geskied as 'n offerande onder die ou verbond? Onthou: 'n offerande onder die ou verbond was moeite, dit het tyd geneem en dit was 'n finansiële las! Is ons nie geneig om berou en belydenis 'goedkoop' te maak nie! So dikwels word daar gebid: 'vergewe my sondes' sonder om eers te besef wat sonde is!
- 'n Konfrontasie met sonde. Konfronteer ons die sonde in ons lewe? Diere as offerande was bedoel as 'n intense konfrontasie met sonde! Die skuldige, naamlik die oortreder van יהוה se Torah (die sondaar) het met berou 'n dier as offerande gebring. Dan het hy sy hande op die dier se kop gelê en was sodoende gedwing om tot selfkennis te kom van die 'skade' wat sonde aangerig het. Hierdie besef het werklikheid geword wanneer die dier se keel afgesny was en op die brandofferaltaar verbrand was. Dit was 'n baie persoonlike en emosievolle ervaring van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het. Die offer van diere was bedoel om 'n weersin in sonde – die oortreding van Torah – te verwek! Daarom is dit te verstane dat deel van die gebede van Judaïsme is om die Vader te vra om hulle te leer en te help om sonde te haat! Haat jy sonde?

### Die ou verbond en die nuwe verbond

Ons moet voortdurend herinner word aan hoe die ou verbond 'n heenwysing was na die nuwe verbond. Beide verbonde moet as 'n eenheid gesien word, want in die ou verbond was die nuwe verbond verskuil gewees. Ons word ook daaraan herinner dat die einde word deur die begin bekend gemaak (Jes. 46:9-10).

Daarom het ons in verlede week se Torahskriflesing geleer dat die tuin van Eden יהוה se 'tabernakel' ('tempel') was waar Hy in die midde van Sy Skepping en die mens gewoon het. Dit beteken dat Adam en Hava het in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה gewoon – totdat hulle יהוה se Torah oortree het!

Hulle het die stem van יהוה-God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die koel van die dag en die mens en sy vrou het hulself vir die Teenwoordigheid van יהוה-God weggesteek tussen die bome van die tuin. Gen. 3:8.

Die mens het aanvanklik in 'n volmaakte wêreld geleef; 'n wêreld waar hulle as geregverdigdes in יהוה se Teenwoordigheid kon woon. Maar toe Adam en Hava gesondig het deur van die 'Boom-van-Kennis-van-Goedheid-en-Boosheid' te eet, het יהוה-God hulle uit sy 'tempel' – die tuin van Eden – verwyder.

<sup>22</sup> יהוה-God het gesê: “Nou het die mens geword soos een van Ons deur goedheid en boosheid te ken.” Sodat hy nie sy hand uitsteek en ook van die 'Boom-van-die-Lewe' neem, eet en lewe vir ewig nie,

<sup>23</sup> het יהוה-God hom weggestuur uit die tuin van `Eden om die grond om te spit waaruit hy gehaal is.

24 S6 het Hy die mens uitgedrywe en g6rubs aan die voorkant van die tuin van `Eden laat bly, met die vlammende swaard wat heen en weer draai, om wag te hou oor die pad na die 'Boom-van-die-Lewe'. Gen. 3:22-24.

Daarom is ons tot vandag vreemdelinge en nomades hier op aarde (Heb. 11:13), hoewel ons nie vreemdelinge en besoekers van יהוה se volk is nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van Vader-God. Ons is 'n afgesonderde tempel en 'n woning van God!

19 Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God.

20 Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou.

21 In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה

22 terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees. Efes. 2:19-22.

Daar sal egter weer 'n dag kom wat die regverdigdes in Yeshua weer in die tuin van Eden sal woon – saam met יהוה in Sy tempel, naamlik die nuwe Yerushalayim (Open. 22:21-27).

Maar tot daardie dag aanbreek, begeer יהוה steeds om in die midde van Sy volk in die w6reld 'buite die tuin van Eden' te woon. Daarom het יהוה vir Yisra'el bevry van die slawejuk van Mitzrayim sodat Hy hulle na die Beloofde Land Kena'an kon neem om daar in hulle midde te woon.

Sou Yisra'el nie die goue kalf aanbid het nie, en sodoende nie die bloed verbond (Ex. 19:4 tot 24:11) verbreek het nie, dan sou hulle binne dae kon begin om die land Kena'an in besit te neem. Hoe anders sou dit dan nie vir Yisra'el kon gewees het nie!?

Maar selfs na hierdie sonde van Yisra'el was יהוה steeds bereid om in hulle midde te woon. Nou sou יהוה dit slegs doen by wyse van die tabernakel. Dit sou 'n heiligdom – 'n afgesonderde plek wees waar יהוה vir Yisra'el deur onderrig en instruksies sou leer hoe om daaglik te lewe wanneer יהוה in hulle midde woon. Die tabernakel, priesterorde en offerandes was deel van die geskrewe wet (Torah) wat as tugmeester (gids)(Gal. 3:24-25) vir Yisra'el in 'bewaring' sou hou tot יהוה se "Lewende Tabernakel", naamlik Yeshua, di6 Gesalfde Een, in hulle midde sou kom woon!

Die Boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly ('ge-tabernakel') en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, 'n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is. Joh. 1:14.

Die tabernakel, priesterorde en offerandes was om die mens voor te berei vir die dag (die volheid van die tyd) wat יהוה Sy Seun gestuur het om ons vry te maak sodat ons nie meer onder 'n tugmeester as gelykwaardig met 'n dienskneg sou wees nie, maar wel volwaardige kinders van God. Sha'ul verduidelik dit soos volg in Gal. 4:1-7:

1 Ek s6: solank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy nie van die slawe nie, alhoewel hy hulle almal se meester is,

2 maar hy staan onder voogde en toesighouers tot op die tyd, soos deur sy vader bepaal is.

3 So was ons ook, toe ons kinders was, in slawerny onder die beginsels van die w6reld,

- 4 maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en onderworpe aan die geskrewe wet,  
 5 om die wat onder die geskrewe wet was, los te koop sodat ons die aanvaarding as kinders kon ontvang,  
 6 maar omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: "Ons Vader!"  
 7 Julle is daarom nie slawe nie, maar kinders en as julle kinders is, dan ook erfgename van God deur Yeshua, dié Gesalfde Een.

Die tabernakel, die Levitiese priesterorde en die offerandes was vir Yisra'el 'n voortdurende herinnering en teregwyding van hoe om in die regte verhouding met יהוה en met medemens te lewe! Dit was fisiese handeling wat heengewys het na geestelike waarhede. Na Yeshua se folterdood en opstanding het die Afgesonderde Gees hierdie rol oorgeneem om ons te leer en te herinner aan alles wat Yeshua ons geleer het.

- 25 Hierdie dinge het Ek vir julle gesê terwyl Ek by julle is,  
 26 maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees wat Afgesonderd is, wat My Vader in My Karakter en Outoriteit sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:25-26.

Deur die Afgesonderde Gees word ons nou geleer en gelei hoe om יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, gehoorsaam te wees. Die beginsel en wese van יהוה se Torah het nie verander nie, maar wel die praktyk en die toepassing daarvan. Die fokus op die fisiese van die geskrewe wet het nou plek gemaak vir die fokus op die geestelike betekenis en doen daarvan.

- 4 Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van dié Gesalfde Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra,  
 5 want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra,  
 6 maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie. Rom. 7:4-6.

Ons is nou vrygespreek van die geskrewe wet wat ons voortdurend aangekla en skuldig bevind het, want ons is nou verbind aan (het een geword met) Yeshua. Deur wedergeboorte het ons dit wat ons beheer het, naamlik die geskrewe wet, afgesterf. Die Afgesonderde Gees is nou die een wat ons leer en lei hoe om die letterlike instruksies van die geskrewe wet as 'n Torahbeginsel in die nuwe verbond toe te pas.

- 1 Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, dié Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie,  
 2 want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, dié Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood,  
 3 want omdat die wet magteloos was, deur die swakheid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die vlees, wat sondig, gestuur, ter wille van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel  
 4 sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1-4.

Daar is nie meer 'n tabernakel (tempel), 'n Levitiese priesterorde, asook nie fisiese offerandes wat volgens die onderlig en instruksies van Levitikus gebring moet word nie, want in Yeshua is ons hiervan vrygespreek omrede Hy die eenmalige offer was.

7 Toe het Ek gesê: “Let op, Ek kom,” want aan die begin van die Geskrifte is dit van My geskryf, “om U wil te doen, o God.”

8 Hierbo sê Hy: “Offers, graanoffers, brandoffers en sondoffers wil U nie hê nie,” dit wat volgens die geskrewe wet geoffer word,

9 daarna het Hy gesê: “Let op, Ek kom om U wil te doen, o God.” Hierin skaf Hy die eerste af om die tweede te vestig,

10 want in Sy wil word ons net een maal afgesonder deur die offer van die liggaam van Yeshua, Die Gesalfde Een.

11 Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie,

12 maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant van God vir altyd,

13 wagtend verder totdat Sy vyande 'n voetbank onder Sy voete gemaak is. Heb. 10:7-13.

Die belangrikste offer wat ons as geregverdigdes in Yeshua nou moet bring, word deur Sha'ul soos volg in Rom. 12:1-2 opgesom:

1 My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

2 en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

Elkeen wat bereid is om hierdie offerande te bring, naamlik om jou liggaam beskikbaar te stel as 'n lewende, afgesonderde en aanvaarbare offer vir God, sal 'n geskikte (afgesonderde) woning (tabernakel) word waar יהוה deur Sy Gees sal woon. יהוה-God sal in elkeen woon en waar medegelowiges bymekaar is, sal יהוה in hulle midde woon.

Ons is die lewende stene waarmee יהוה se huis gebou word sodat Hy in ons midde kan woon!

Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het 'n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, dié Gesalfde Een. 1Pet. 2:5.

Die ou verbond was dus 'n skaduwee en 'n heenwysing na God se Raadsplan om uiteindelik alles te herstel soos dit voor die sondeval was en soos dit in die nuwe verbond openbaar gemaak word! Maar tot daardie dag wat God se Raadsplan voltooi sal word, is ons elkeen afsonderlik en gesamentlik as gemeente Sy tempel!

Ons moet ook onthou dat die Malki-Tzedek priesterorde het die tabernakel en die Levitiese priesterorde baie jare voorafgegaan. So lees ons ten opsigte van Avraham:

18 Malki-Tzedek, die koning van Shalem, nie-Levitiese priester van El-`Elyon (Die Allerhoogste, Magtige God), het brood en wyn uitgebring

19 en hom geseën en gesê: “Geseënd is Avram deur El-`Elyon, die Skepper van hemele en aarde

20 en geseënd is El-`Elyon, wat u vyande in u hand gegee het.” Toe gee Avram hom 'n tiende van alles. Gen. 14:18-20.

Aangesien die priesterorde van Malki-Tzedek lank voor die tabernakel en Levitiese priesterorde bestaan het, het dit nie 'n tempel nodig om te funksioneer nie. Die Levitiese priesterorde was dus 'n tussentydse maatreël wat aangestel was na die sonde van die aanbidding van die goue kalf en het diens gedoen tot en met die folterdood en opstanding van Yeshua en die vernietiging van die tweede tempel. Die priesterskap van Malik-Tzedek is daarom “heringestel” en is dit steeds geldig vandag.

Ons leef in die dispensasie waar ons as priesters onder die gesag van een Koning en een Hoofpriester staan, naamlik Yeshua ons ewige Koning en Hoofpriester volgens die priesterskap van Malki-Tzedek en waar ons as gelowiges in Yeshua, wat gehoorsaam is aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, lewe! יהוה se regeringstruktuur funksioneer reeds in die geestelike realm en deur Sy Hemelse Koninkryk hier op aarde te vestig, sal die geestelike wel fisies manifesteer. Daarom is ons stryd hoofsaaklik geestelik:

want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bese geeste onder die hemel. Efes. 6:12.

Maar met die wederkoms van Yeshua sal יהוה se regeringstruktuur egter in die fisiese realm ten volle funksioneer!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Ons moet ernstig kennis neem van die feit dat Rabbynse Judaïsme nie Yeshua as Hoofpriester aanvaar nie en daarom aanvaar hulle ook nie die Malki-Tzedek priesterorde nie (1Pet. 2:4-10)! Die bou van die derde tempel wat waarskynlik in die afsienbare toekoms sal begin, asook die eerste offerandes soos in Levitikus beskryf word, sal alles onder toesig van Rabbynse Judaïsme en 'n Levitiese priesterorde plaasvind. Daar sal geen erkenning aan Yeshua as Koning en Hoofpriester gegee word nie en ook nie aan priesterskap van Malki-Tzedek nie. Maar daar kan net een Hoofpriester en een priesterdom wees. Daar sal waarskynlik in die nabye toekoms 'n dag wees wat elkeen sal moet kies aan watter priesterorde erkenning gegee gaan word. Hoe oortuig is jy van jou keuse?

## **Die Vuur van die Brandofferaltaar**

In Lev. 6:8, 9 en 13 lees ons dat die vuur op die brandofferaltaar brandend gehou moes word.

**8** יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

**9** “Beveel Aharon en sy seuns en sê: ‘Dit is die wet van die brandoffer: die brandoffer moet die hele nag lank tot die oggend toe op sy vuurherd, op die altaar, bly en die altaarvuur moet aan die brand gehou word.

**13** Vuur moet altyddeur op die altaar brand; dit mag nie doodgaan nie.

Hierdie vuur is deur יהוה self aan die brand gesteek (Lev. 9:24). Dit was die vuur wat die sondoffer en skuldoffer verteer het en die bewys van vergifnis en versoening was. Geen nuwe vuur moes gemaak word nie! Nee, want dit sou vreemde vuur gewees het!

Volgens oorlewering het hierdie vuur van die brandofferaltaar brandend gebly tot en met die Babiloniese gevangenskap.

Die profeet Yesha'yahu verwys na 'n vuur op Tzyion en 'n oond in Yerushalayim.

“Hy sal bly in sy rotsagtige blyplekke en sy prinse sal oorwin word voor die banier,” verklaar יהוה, wie se vuur in Tziyon is en wie se vuuroond in Yerushalayim is. Jes. 31:9.

Die brandofferaltaar is ‘n sinnebeeld van die kruisiging van Yeshua. Hierdie is die vuur op Tziyon waarna Yesha’yahu verwys! Dit is ‘n heenwysing na die vuur van יהוה wat die sondeskuld uitgedelg het toe die Lam van God aan die folterpaal gesterf het. Hierdie ‘vuur’ moet ook voortdurend in ons harte brandend gehou word sodat ons altyd herinner sal word aan die onverdiende guns wat יהוה aan ons bewys het toe Yeshua in ons plek gesterf het.

Maar dit moet ook dien as ‘n herinnering dat יהוה ‘n onuitbluslike vuur is wat sonde nie sal duld nie!

Sy hooivurk is by Hom en Hy maak Sy dorsvloer deeglik skoon en Sy graan maak Hy in Sy skure bymekaar en die kaf sal Hy verbrand in die onuitblusbare vuur!” Matt. 3:12

**40** Net soos die darrél bymekaargemaak en in die vuur verbrand word, sal dit wees aan die einde van hierdie wêreld:

**41** die Seun van die mens sal Sy boodskappers uitstuur en hulle sal uit Sy Koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat wetteloosheid beoefen

**42** en hulle in ’n hooggoond van vuur gooi. Daar sal gehuil wees en gekners van tande.

**43** Dan sal die onskuldiges skyn soos die son in die Koninkryk van hulle Vader. Wie ook al ’n oor het wat wil hoor, laat hom luister. Matt. 13:40-43

Elkeen se dade sal aan die lig kom, want die dag sal dit uitwys omdat dit deur vuur openbaar gemaak word en die vuur sal elkeen se werk toets. 1Kor. 3:13.

Maar hierdie vuur is ook die vuur van die Afgesonderde Gees waarmee ons gedoop is (Matt. 3:11) en ons moet nie toelaat dat hierdie vuur geblus word nie (1Thess. 5:19), maar ons moet dit voortdurend aanwakker (2Tim. 1:6)!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Dit was die priesters se taak om die brandofferaltaar te versorg, naamlik seker te maak dat die vuur altyd brandend bly en dat die as verwyder word. In Yisra’el van ouds het ‘n huishouding altyd ‘n vuur brandend gehou, al was dit by wyse van smeulende kole. Hierdie vuur was ‘n baie belangrike kommoditeit in alle huishoudings! Is hier ‘n ooreenkoms? Is dit nie die taak van die priester van die hedendaagse huishouding om יהוה se vuur brandend te hou nie? Is die eggenoot en vader dan nie die priester wat aangestel is oor sy huishouding nie? Moet hy dan nie יהוה se vuur versorg nie – beide die onverdiende guns en die oordeel, asook die genadegawes?
2. Verruil ons nie dikwels יהוה se vuur vir vreemde vuur wat deur ‘n ander god of gees aangesteek is nie?

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!  
Johan.



Epos: [kontak@nuweliel.info](mailto:kontak@nuweliel.info)

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*